

H O O F S T U K . 8 .D I E J A M E S O N - I N V A L .

Piet Cronje het nadat hy in Augustus 1890 deur lo-
ting opgehou het om lid van die Volkraad te wees,¹⁾ vir
die volgende ses jaar opgetree as kommandant vir Potchef-
stroomdistrik.²⁾

Sy vernaamste werk was om toe te sien dat die rus en
orde in sy distrik bewaar word, dat die veldkornette en as-
sistent-veldkornette hulle veelvuldige pligte behoorlik na-
kom en om die driemaandelikse vergaderings van die Volkraad
by te woon.³⁾ Om dit behoorlik te kon doen, het 'n kommandant
sy hande vol gehad. Daar was min tyd om na eie belange om
te kyk.

Die kommandant het in oorlogstye die kommando's aan-
gevoer. Cronje het gedurende hierdie tyd nie aan veldtogte
deelgeneem nie omdat die Suid-Afrikaanse Republiek as gevolg
van die ontdekking van gou^d op die Witwatersrand 'n periode
van vrede en voorspoed beleef het en die regering nie aan eni-
ge noemenswaardige krygsoperasie hoof deel^{te} neem nie.⁴⁾ Die in-
stroming van duisende fortuinsoekers uit al die dele van
die wêreld, maar meestal uit Engeland en die Engelse kolo-
nies/.....

-
- 1). Volksraadsnotule, art.1170, 4 Augustus 1890.
2). BB. 2215/96: Brief van die Staatsekretaris aan P.J.Jou-
bert, Pretoria, 9 September 1896. Cronje het
op 9 Sept. 1896 Superintendent van Naturelle geword.
3). J.D.Vorster, bls. 54.
4). D.J.Pieterse : Die Kommandeur Vraagstuk. Gepubliseer
in Historiese Studies, Jaargang 6 ,Nr.1,Maart 1945,
bls.9;
L.S.Amery: The Times History of the War in South Africa.
1899- 1900, Vol.1, bls.108.



nies., het nuwe probleme laat ontstaan. Die Uitlanders, soos hulle genoem is, het op politieke regte aanspraak gemaak. Die regering was verplig om gedurende hierdie jare meer aandag aan politieke vraagstukke te skenk.⁵⁾

Die Cronje se werksaamhede het hom binne sy distrik gehou, meeste van sy tyd het hy aan die belange van sy distrik opgeoffer. Op sy plaas Palmietfontein, wyk Schoonspruit, het hy gewoon en vandaar die stryd wat die Uitlanders met Kruger aangeknoop het, gevolg. Hy het buite die stryd gestaan en het nie gedink dat dit sulke ernstige gevolge sou aanneem nie, want Kruger het te midde van hierdie politieke woelinge daarin geslaag om by die derde presidentsverkiesing in 1892 met 'n gering meerderheid stemme aan die hoof van die regering te bly.⁶⁾

Die uitslag van die presidentsverkiesing was vir die Uitlanders 'n groot teleurstelling. Die stryd tussen hulle en Kruger is nie hier beëindig nie. Hulle het aangehou agiteer. Die gebeurtenisse wat hieruit voortgevloei het, het Cronje nie direk geraak nie maar dit was faktore wat die Jameson-inval, waarin hy 'n vername rol gespeel het, veroorsaak het.⁷⁾

Die Malaboch-oorlog van 1894 was een van die gebeurtenisse wat bygedra het om gevoelens hoog te laat loop. Die regering het ook 'n paar Engelse onderdane van Pretoria opgekommendeer/.....⁸⁾

-
- 5). Ibid.
 6). L.S. Amery, Vol.1, bls.139.
 7). Herinneringen, 15 September 1913.
 8). Malaboch, 'n weerspannige natuurlike-opperhoof in die Zoutpansbergse distrik, het die rus en vrede daar tot 'n mate versteur dat Kommandant-generaal Joubert verplig was om die regering se goedkeuring te vra om 'n kommando op te roep om hom tot sy plig te bring.



kommandeer om aan die veldtog deel te neem. Toe die handelwyse van die regering rugbaar word, het dit baie sterk teenkanten van die Britse onderdane ontlok omdat hulle deur die regering as vreemdelinge behandel is en dus nie wou veg vir 'n land waarin hulle geen politieke regte gehad het nie. Dit het alles niks gehelp nie. Die moëlikheid het vererger toe die veldkornet van Pretoria vyf van die onwillige onderdane laat arresteer en in die gevangenis geplans het. Hulle het by die Hooggeregshof aansoek gedoen om vrylating. Op 17 Junie is hulle saak voor Hoogregter Kotze en twee assessore, regters Jorissen en Morrice, verhoor. Die uitspraak van die hof was dat hulle verplig is om krygsdiens te verrig. Onder 'n gewapende mag is hierdie persone na die oorlogsterrein geëskorteer. Dit het groot opskudding in Pretoria veroorsaak.

Die moëlikheid het ernstiger geword. Sir Henry Loch, die Engelse Hoë Kommissaris, het na 'n geleentheid gesoek om Kruger in Pretoria te spreek sodat die kommandeer-vraagstuk behandel kon word. Hy het aan Kruger geskryf dat hy begerig is om met hom die Swasieland-ooreenkoms te bespreek, waarop Kruger hom uitgenooi het om na Pretoria te kom. Die uitnodiging is met graagte aangeneem, want die Britse onderdane sou onder die indruk kom dat Haar Majesteit se regering hom aangetrek het as Loch sy opwagting in Pretoria maak. Hy het Kaapstad op 22 Junie verlaat en op pad na Pretoria amptelik opdrag ontvang om ook die kommandeervraagstuk met Kruger te/.....

9). Witboek 470, blse. 11 en 12.

10). De Volksstem, 20 en 23 Junie 1894; Van Oordt, blse. 590 en 591.

11). Witboek 470, bls. 32; Ibid.

12). R.B. 795/94; Historiese Studies. Jaargang Nr. 6 Nr. 1, Maart 1945, bls. 15.



13)
te bespreek.

Groot opgewondenheid het in Pretoria en Johannesburg geheers toe die Uitlanders van Loch se aankoms te hore gekom het. Toe die trein op 25 Junie Pretoriastasie binnestoom, het die opgewondenheid geen perke geken nie en het die Britse onderdane hulle vyandigheid in 'n demonstrasie vrye teuel gegee, op so 'n wyse dat dit beslis beleëdigend was vir die president.¹⁴⁾

Die kommandeervraagstuk is doeglik bespreek. Loch het daarop aangedring dat die kommandeerwette so verander moes word dat Britse onderdane van verpligte militêre diens vrygestel word. Hy het ook versoek dat die straf teen die veroordeelde Britse onderdane opgehef word en dat hulle saam met die ander opgekommandeerde persone na Pretoria moes terugkeer.¹⁵⁾ Kruger het ingewillig.

Die sluiting van die driewe was 'n tweede gebeurtenis wat die moeilikheid vermeerder het. Nadat die Delagoabaaispoorlyn in 1895 voltooi is, was Kruger verplig om die Kaapse lyn deur die Oranje-Vrystaat na die Rand te verleng. Hy wou die handelaars egter forseer om die eersgenoemde lyn te gebruik daarom het hy die spoorbelasting tussen Vereeniging en Johannesburg verhoog. Die handelaars wou die Delagoabaailyn nie gebruik nie omdat die koors daar geheers en dit onder Pottugese administrasie gestaan het. Om die hoë spoorbelasting te ontduik, is goedere per spoor tot by Vereeniging gebring en daarvandaan/.....

13). Witboek 470, blse. 12 en 13; Historiese Studies. Ibid.

14). De Volksstem, 27 Junie 1894; The Star, 25, 26 en 27 Junie 1894.

15). Witboek 470, blse. 36 en 37.



daarvandaan na Johannesburg per transportwa gery. In Augustus 1895 het Kruger deur proklamasie verbied dat oorsese goedere vanaf 1 Oktober 1895 per oesewa deur die Vaalrivierdriewe¹⁶⁾ transporteer word.

Die sluiting van die driewe is as 'n direkte verbreking van die Londense-Konvensie beskou. Die Uitlanders was magteloos maar die Kaapse regering het ten sterkste by Kruger¹⁷⁾ geprotesteer. Engeland het aangedring dat die Konvensie gehandhaaf moes word. Oorlogswolke het oor die Republiek toegesak. Kruger was egter nie vir die stryd gereed nie. Op 7 November het hy geantwoord dat hy nie verdere proklamasies sou uitvaardig voordat hy Haar Majesteit se regering geraadpleeg het nie.¹⁸⁾

Die Uitlander ~~griewe~~ het nou 'n hoogtepunt bereik. 'n Aantal persone, onder wie Cecil John Rhodes, die Kaapse Premier en Dr. L.S. Jameson, sy Boesemvriend, 'n prominente rol gespeel het, het by hierdie tyd hulle planne agtermekaar gehad om 'n opstand of revolusie in Johannesburg te organiseer waardeur Kruger en sy regering tot 'n val gebring kon word. In Oktober 1895 het Rhodes 'n samespreking met die vernaamste samesweerders¹⁹⁾ te Grooten Schuur gehad waar die komplot finaal gesmee is. Hy het beloof om 'n mag van 1,200 tot beskikking van Jameson te stel om hulle te steun. Jameson moes met sy troepemag die Transvaal vanaf Pitsani, 'n dorpie op die westelike grens tussen Transvaal en Bechuanaland, inval sodra die revolusie in Johannesburg uitbreek met die verskoning dat hy die onbeskermdes bevolking van die stad kom verdedig.²⁰⁾

Terwyl/..
16). D.J. Coetzee: Die Drieftegeskil, bls. 39. (M.A. verhandeling, Universiteit van S.A.); R. 6226/95 by Ra.

1434/95 by SS. a. 43.

17). Ibid., blse. 39 en 41.

18). Ibid., bls. 43.

19). C.E. Villuamy: Outlanders, bls. 205: Die vernaamste samesweerders was Phillips, Hammond, Leonard en Frank Rhodes.

20). Ibid., bls. 205; L.S. Amery, Vol. 1, bls. 160.



1
 Terwy Jameson op die Transvaalse grens gewag het om die inval te begin, het daar verdeeldheid onder die samesweerders geheers. As die opstand plaasvind, moes hulle 'n vlag hys. Hulle was nie seker of dit die Engelse vlag of die Vierkleur moes wees nie. Oor die finale doelstelling was hulle ook nie eens nie. Moes hulle vir hervorming of anneksasie streef? Die hele beweging was op die punt om in duie te stort. Leonard, een van die vernaemste sameswoorders, het haastig na die Kaap afgereis om die vlagkwessie met Rhodes te bespreek. Op 26 Desember 1895 is twee boodskappers na Jameson gestuur om hom te belet om die inval te begin. Leonard het by Rhodes aangedring om die inval uit te stel omdat die Uitlanders nog te swak bewapen was. Rhodes het belowe om Jameson terug te hou en genoeg
 21)
 vuurwapens aan te stuur.

Die boodskappers het Jameson agtereenvolgens op 28 en 29 Desember ontmoet en hulle boodskappe afgelewer. Jameson het intussen ook verskeie telegramme ontvang om nie te beweeg nie, want daar was nie opstand in Johannesburg nie. Die hele komplot het op 'n vernederende mislukking uitgeloop. Jameson wou nie gehoor gee nie en was beslis, om sy plan uit te voer. Hy het Rhodes met sy plan bekend gemaak, maar geen
 22)
 berig na Johannesburg deurgestuur nie.

Op Sondag, 29 Desember 1895, om halfsewe het hy
 23)
 en sy mag Pitsani verlaat en die Transvaalse grens oorge-
 steek/...

- 21). C.E. Villuamy : Outlanders, bls. 216.
 22). Ibid., blse. 219 en 220; J.P. Fitzpatrick: The Transvaal from Within, bls. 176. Toe Cecil Rhodes van die inval hoor, het hy verklaar dat Jameson sy lewenswerk geruineer het.
 23). Ibid., blse. 213 en 214: Sy totale mag het uit ongeveer 40 offisiere en 470 troepe bestaan. Die grootste gedeelte hiervan was Masjoraland Berede Polisie - 16 offisiere en 356 manskappe. Kolonel Grey met sy Bechuana-land Border Police sou te Malmenni, net oorkant die Transvaalse grens, by hom aansluit.



24) steek. Voordat hy sy tog begin het, het hy die telegraafdra-
de geknip sodat hy nie kon terugbeveel word nie. Die meer
ernstigste taak om die verbindings na Pretoria uit werking te
stel, het misluk omdat die twee soldate aan wie die taak toe-
vertrou was, in hulle besope toestand gewone heiningdraad
geknip het.²⁵⁾

Om kwart oor vyf die volgende môre het Jameson en sy
troepe by Malmani aangekom. Hier het kolonel Grey met sy
Bechuanaland Border Police met twee seweponders en twee
meksimis by hom aangesluit. Die môre om sesuur het hulle verby
Malmaniesoog in die rigting van Johannesburg getrek. Die myn-
kommissaris van Ottoshoop het die Kommandant-generaal te Pre-
toria onmiddellik telegrafies van die inval verwittig.²⁶⁾
Die kommandant van Marico het 'n soortgelyke telegram gestuur
sodat Pretoria die nuus voor Johannesburg ontvang het.²⁷⁾

Pretoria was vol allerhande gerugte. Die spanning was
groot. Gewapende burgers het die strate gepatrolleer. Pre-
sident Kruger het 'n opgesaalde perd gereed gehou en angstig
nuwe ontwikkelings afgewag.²⁸⁾ Kommandant-generaal Joubert was
bedrywig. Onmiddellik nadat hy die berig van die inval ont-
vang het, het hy die burgers opgekommandeer. Cronje het nog
niks van hierdie gebeurtenisse geweet nie. Na sonder die aand
van 30 Desember het 'n ruiter op sy plaas aangekom en hom 'n
telegram van die landdros van Potchefstroom oerhandig. Dit
was/.....²⁹⁾

24). K.G.322: Telegram Nr.13 : Mynkommissaris, Ottoshoop, aan
Kommandant-generaal, 30 Dec. 1895; C.E.Villuamy, blse. 222 en 223.

25). L.S.Amery, Vol.1, bls.166.

26). K.G.322. Telegram Nr.13. Ibid.

27). K.G.322. Telegram Nr.15: Kommandant Zeerust aan Komdt.-
genl., 30 Des. 1895. Hy maak melding van 6 mek-
sims en 4 kanonne, terwyl die mynkommissaris 6 meksims
en enige kanonne noem.

28). Van Oordt, blse. 697-698; C.E.Villuamy, bls.224.

29). Herinneringen, 15 September 1913; N.J.Hofmeyr: De Afri-
kaner-Boer en de Jameson-Inval, bls.167.



was 'n telegram ~~wat~~ die Kommandant-generaal van Pretoria via Potchefstroom aan hom gestuur het. Daarin word meegedeel dat 'n Britse troepemag die grense van die Republiek oorgesgaan het en na Johannesburg in aantog was. Die telegraafdrade is afgeknip sodat geen rapport kon deurkom nie. Cronje word gelas om onmiddellik al sy burgers op te kommandeer. Intussen moes hy uitvind waar die troepe hulle bevind en hulle dadelik gaan voorkeer. Hy moes 'n sterk wag met hom saamneem en soveel as moontlik rapport stuur.³⁰⁾

Die aangename stemming van die namiddag is verbreek. 'n Paar oomblikke tevore het hy nog gesit en kyk hoe die jong mense druk besig was om voorbereidings vir die Oujaars- en Nuwejaarsvieringe te tref. Hy het wel van die moeilikhede met die Uitlanders gehoor, maar nooit gedink dat daar soiets as 'n inval in die Republiek gemaak sou word nie. Maar hy het besef dat die land in gevaar verkeer het. Hy was krygsman en het nie oor die waarheid sit en twyfel nie, maar sonder versuim sy veldkornette laat weet om al die burgers op te roep om na Krugersdorp te gaan.³¹⁾

Die volgende môre, 31 Desember, het hy en sy vier seuns vinnig na Ventersdorp gery waar die burgers op sy bevel bymekaar moes kom. Om elfuur het hulle daar aangekom. Daar het sewentig burgers reeds op hulle gewag.³²⁾

Omdat/.....

30). K.G.322: Telegram van die Kommandant-generaal, Pretoria, aan kommandant Potchefstroom, 30 Des. 1895;

Groenboek Nr.1, 1896, bls.2. (Correspondentie van de Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot de beroeringen in de aanvang van 1896); Herinneringen, 15 September 1913.

31). Ibid.

32). N.J.Hofmeyr, bls.191; Herinneringen, 15 Sept.1913.

Omdat hy toe reeds vir ses ure lank in die saal gesit het, het hulle eers 'n rukkie gerus en daarvandaan met sy burgers toe na Mooirivierdrif vertrek waar hulle die middag om drie-uur aangekom het. Die burgers het op sy bevel hier afgesaal om vir Veldkornet Bodenstein en sy manskappe te wag. Na sy aankoms het die kommando die aand om sesuur die rigting na Krugersdorp ingeslaan.³³⁾

Cronje was haastig. Hy was onrustig, want Jameson kon miskien voor hulle by Krugersdorp verbytrek, daarom het hy, sy manskappe dwarsdeur die nag laat ry. Op Nuwejaarsmore 1896 het hy teen dagbreek Krugersdorp binnegery met ongeveer 300 manskappe, wat langs die pad by hom aangesluit het.³⁴⁾

Om vyfuur die more het hy vanaf die hoogste punt naby die stasie, die omgewing verken om uit te vind waar Jameson en sy mag was, maar daar was geen teken van hulle nie. Cronje het die burgers laat afsaal en hyself het na die Postkantoor gegaan om die Kommandant-Generaal met sy bewegings bekend te stel. Hy het berig dat hy die more in Krugersdorp aangekom het om die troepemag voor te keer. Vanaf Krugersdorp sou hy hulle tegemoetgaan. Hy verwag nog 'n paar veldkornette met hulle burgers. Baie van sy manskappe is sonder gewere; die regering moes sonder versuim vir hom 'n kas gewere stuur sodat hy hulle kon bewapen.³⁵⁾

Om negeuur die more het hy vanuit Krugersdorp in 'n suidwestelike/...

33). N.J. Hofmeyr, bls. 191; Herinneringen, 15 Sept. 1913.

34). K.G. 322. Telegram Nr. 11. Comdt. Cronje aan die Comdt.-Genl., 1 Jan. 1896; N.J. Hofmeyr: De Afrikaner-Boer., bls. 192.

35). K.G. 322. Telegram Nr. 11. Telegram van Comdt. Cronje aan die Comdt.-Genl., 1 Jan. 1896.



suidwestelike rigting die vyand tegemoet gegaan. Ongeveer vier uur te perd van die dorp, by die plaas Waterval, het hy kommandante Malan en Potgieter met ongeveer drie-honderd manskappe ontmoet. 'n Paar van die burgers het meegedeel in watter rigting Jameson getrek het. Cronje het die omgewing goed bekyk en sy krygsmansinsig het hom in staat gestel om die marsroete wat deur die Britse troepe gevolg sou word, vas te stel. Daarop het hy die Boere-magte posisie by die "Queens Battery" en die plaas Waterval laat inneem.³⁶⁾

Intussen het die vyand tot op 'n afstand van drie myl genader en vandaar op die Boereverkenners geskiet. By Rietspruit het die Britse troepe halt gemaak en het die bevelvoerende offisier, Kolonel Willoughby, laat weet dat hy op Cronje se manskappe sou skiet indien hulle sy deurtog na Krugersdorp wou belet. Hy het hulle tot vieruur die middag tyd gegee om die vrouens en kinders te verwyder.³⁷⁾

Aan hierdie bevel het Cronje hom nie gesteur nie, maar posisie ingeneem om hulle vooruitgang nie alleen te stuit nie, maar om hulle gevange te neem. Om twee-uur die middag het Willoughby op die Boerastellings begin vuur. Die Boere het op bevel van Cronje nie teruggeskiet nie, maar die aanmarsjerende Engelse kans gegee om tot naby hulle stellings te kom. Per ongeluk het 'n skoot afgegaan, waardeur/.....

36). K.G. 322. Telegram 73. Comdt. Cronje aan die Comdt.-Genl., 1 Jan. 1896; K.G.322: Telegram 122. Telegram van die Wn. Landdros, Krugersdorp aan die Comdt.-Genl, Pretoria, 1 Jan. 1896.

37). Herinneringen, 15 September 1913. In 'n plaashuis daar naby was 'n paar ou mense, vrouens en kinders. In die geveg wat gevolg het, is die huis gebombardeer sonder dat iemand beseer is.



waardeer Jamesen betyds gewaarsku is. 'n Kort maar he-
wige geveg het ontbrand. Aan beide kante het gesneuwel-
des en gewondes in die slag gebly. Die Engelse troepe
het in 'n suidelike rigting na Randfontein getrek. ³⁸⁾

Toe Cronje bemerk dat hulle die rigting na Lui-
naardsvleidrif geneem het, het hy besluit om hulle voor
te keer. Met 'n deel van sy manskappe en veldkornet
Bodenstein het hy hulle voorgery en een gevang. In die
skermutseling wat gevolg het, is twee soldate dood en
sewe gewond. ³⁹⁾ Hierna het Kommandant Potgieter met Cronje
verenig en hulle twee het beraadslaag. Hulle sou wag tot-
dat dit donker is, dan moes die posisie van die vyand
verken word. ⁴⁰⁾ Cronje se seun Klaas is die aand in sy maag
verwond. ⁴¹⁾

Teen dagbreek die volgende dag het Cronje en sy
burgers die geveg hervat met die Engelse wat in beweging
gekom het. Al vegtende het die troepe by Randfontein
verbygetrek. Hulle is egter teruggedryf en deur komman-
dant Pogieter by Vlakfontein voorgekeer. Cronje het vinnig
om die Engelse gery en 'n heuwel, Doornkop, in besit geneem. ⁴²⁾
Hier is/....

38). K.G. 322. Telegram Nr. 73. Telegram van Comdt. Cronje
aan die Comdt.-Genl, Krugersdorp, 1 Jan. 1896.

39). K.G. 322. Telegram Nr. 73. (Ibid.)

40). Herinneringen, 15 Sept. 1913. Uit hierdie besluit het
'n tragiese ongeluk gebeur. 'n Jong burger,
van Tonder, het saamgery om te verken. In
die donker nag ry hy op die Boerestellings
af en hulle roep: "Halt, who goes there?" Hy
kom onder die indruk dat dit Engelse was,
pluk sy perd om en jaag weg. Die Boere is
oortuig dat dit 'n Engelse verkenners is en
skiet hom dood.

41). K.G. 322. Telegram Nr. 146. Myncommissaris, Krugers-
dorp, aan Comdt.-Genl., 2 Jan. 1896. Hy is
dieselfde aand na Krugersdorp se hospitaal
geneem en deur die latere bekende Dr. van der
Merwe geneeskundig behandel.

42). K.G. 322. Telegram Nr. 164. Comdt. van Marico, Krugers-
dorp, aan Comdt.-Genl., 2 Jan. 1896.



is die Engelse troepemag van verskillende kante nouer ingesluit. Hulle was uitgeput en Jameson het besef dat verder weerstand nutteloos is. Om kwart oor tege⁴³⁾ het hy 'n wit voorskoot as teken van oorgawe gehys.

Die inval het misluk. Sy verliese was 16 man gedood, 55 ernstig gewond en 35 vermis. Aan die kant van die Boere⁴⁴⁾ was die verlies gering.

Direk nadat Jameson die witvlag gehys het, het Cronje een van sy burgers beveel om na hom te gaan om die terme van die oorgawe te verneem. Maar een van kommandant Potgieter se manskappe, Hans Kloppers was reeds op weg na die vyand. Hy het 'n briefie van Willoughby gebring waarin hy sy bereidwilligheid verklaar het om oor te gee, mits die Boere veilige uittog oor die grens⁴⁵⁾ aan elke lid van sy geselskap sou verseker. Kommandant Potgieter het verstandig opgetree. Hy het teruggeantwoord dat hy onmiddellik al die Boereoffisiere bymekaar sou roep om oor die Engelse voorstel te besluit. Die kennisgewing/...

43). K.G. 322. Telegram Nr. 136. Telegram van Comdt.-Genl, 2 Jan. 1896.

Ra. 1056/96. Getuigenis van Schroder, een van die burgers, voor die Staatsprocureur Coster.

44). K.G. 322. Telegram Nr. 291. Telegram van die Wn. Landdros, Krugersdorp, aan die Comdt.-Genl., 3 Jan 1896. Hy gee die Boereverliese as volg: 5 gewond en 3 gedood; C.E. Williams, bls 233. Hy se 5 gedood en 3 gewond.

45). Ra. 1056/96. Beëdigde verklaring van P.A.Cronje, voor H.J. Coster, Staatsprocureur, 7 Maart 1896. F.J. Potgieter, 5 Maart 1896; Groenboek Nr.1, 1896, bls 95. (Correspondentie van De Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot De Beroeringen in den aanvang van 1896); Ra. 1056/96. Brief van Staatssekretaris van Boeschoten aan H. Cloete, Wn. Britse Agent, Pretoria, 10 Maart 1896; J.P. Fitzpatrick, bls 405; Hugh Marshall Hole: The Jameson Raid, bls. 189.

kennisgewing is dadelik aan al die offisiere gestuur. Die briefie van Willoughby is saam met die kennisgewing aan Cronje oorhandig.⁴⁶⁾ Cronje het skriftelik aan Willoughby geantwoord dat as hy gewillig sou wees om die onkoste deur die inval aan dié Transvaal veroorsaak, te dra en sy wapens neerle, hy hulle lewes sou spaar. Willoughby moes binne 30 minute antwoord.⁴⁷⁾ Hy het sy burgers beveel om hulle posisies te behou en om gereed te wees om vyandelikhede voort te sit indien sy voorstel van die hand gewys word. Willoughby het die terme aangeneem en laat vra hoe Cronje die oorgawe wou laat geskied.⁴⁸⁾ Vergesel van veldkornette Maartens en Van Vuuren het Cronje na die Engelse bevelvoerder gery om volgens Potgieter se kennisgewing die ander offisiere daar te ontmoet.⁴⁹⁾

Cronje is aan Jameson voorgestel. Op hierdie oomblik het Potgieter sy opwagting gemaak en alles aangehoor wat tussen Jameson en Cronje ooreengekom is.⁵⁰⁾ Aan Jameson is deur middel van die tolk Adendorff gevra of hy gewillig is om sy vlag of wapens neer te lê. Jameson, skynbaar vreesbevange, het onder eed verklaar dat hy geen vlag gehad het nie.⁵¹⁾ Hy was gewillig om sy wapens neer te lê maar omdat hy dit nog nooit voorheen gedoen het nie, het/.....

-
- 46). Ra. 1056/96. Beëdigde verklaring van F.J. Potgieter op 5 Maart 1896; Groenboek Nr. 1, 1896, bls. 96.
 47). Ra. 1056/96. Brief van Staatsekret. aan Britse Agent, 10 Maart 1896. Vgl. beëdigde verklaring van P.A. Cronje, 7 Maart 1896; Groenboek Nr. 1, 1896 blse. 90, 91 en 95; D.V.S., 7 Jan. 1896 en J.P. Fitzpatrick, bls. 405.
 48). Groenboek Nr. 1. 1896, bls. 95.
 49). Ra. 1056/96. Beëdigde verklaring van P.A. Cronje voor die Staatsprok. 7 Maart, 1896.
 50). Ra. 1056/96 Beëdigde verklaring van F.J. Potgieter voor H.J. Coster, 5 Maart 1896; Groenboek Nr. 1. 1896, bls. 96.
 51). Ra. 1056/96. Brief van die Staatsekret. aan die Britse Agent, Pretoria, 10 Maart 1896; Ra. 1056/96 Beëdigde verklaring voor H.J. Coster van: P.A. Cronje op 7 Maart 1896. E.J. Potgieter op 5/96. J.S. Celliers op 6 Maart 1896; J.P. Fitzpatrick, blse 405 tot 409.



52)

het hy nie geweet hoe dit moes geskied nie.

Cronje het daarop sy manskappe nader laat kom. Op hierdie oomblik het kommandant Malan op die toneel verskyn. Hy het gekom om saam met die ander offisiere te beraadslaa en het nog niks van die voorwaardes tussen Cronje en Jameson geweet nie. Cronje het sy mag hier as gevolg van sy haastige natuur te buite gegaan en op eie gesag onderhandelinge aangeknoop voordat al die bevelvoerende Boere-offisiere saam vergader het om 'n besluit te neem. Malan het dadelik aan Cronje gevra waarom hy en Jameson gepraat het. Hy wou dit ook graag hoor. Cronje het meegedeel dat hy en Jameson ooreengekom het dat laasgenoemde die veroordie saakte onkoste sou betaal op voorwaarde dat lewes van die aanvallers gespaar sou word totdat hulle aan die Kommandant-generaal te Pretoria afgelewer is. Malan het die saak in die regte perspektief gesien en geantwoord dat hulle nie die reg gehad het om hier voorwaardes te stel nie. Jameson moes hom onvoorwaardelik oorgee. Hulle kon sy lewe alleen waarborg totdat hy aan die Kommandant-generaal besorg is. Dan moes hy hom by die uitspraak van die hoogste offisier en die regering neerlê. Kommandant. Potgieter het hiermee ingestem en Cronje het hom met die besluit verenig.

Adendorff/.....

52). Herinneringen, 15 September 1913.

53). Ra. 1056/96: Ibid;

Ibid. Beëdigde verklarings van kommandante:-

H.P.Malan op 9 Maart 1896;

G.F.Potgieter op 5 Maart 1896;

P.A.Cronje op 7 Maart 1896;

J.S.Calliers op 6 Maart 1896;

*Groenboek Nr.1, 1896, blse. 95 - 97.

54). Ra. 1056/96 : Ibid. H.P.Malan 9 Maart 1896.



Adendorff is versoek om die saak aan Jameson te verduidelik. Jameson het beleefd sy hoed afgehaal, gebuig en die voorwaardes aangeneem. Cronje het daarop sy manskappe in gelid oorkant die pad opgestel, die Engelse troepe verby laan marsjeer, met die geweerkolwe na die Boere gerig en so hulle gewere voor die Boere laan neersit.⁵⁵⁾

Kommandant Stephanus Trichardt van die Staatsartillerie het op daardie oomblik met 'n telegram van die Kommandant-generaal verskyn. Daarin word opdrag gegee dat die Britse troepe die wapens moes neerlê en onvoorwaardelik oorgee. Hulle moes slegs vyf minute tyd kry om te besluit. Die vyandelikhede moes voortgesit word indien hulle sou weier om onder die voorwaardes oor te gee. As hulle oorgee, moes die soldate ontwapen na Krugersdorp en die offisiere na Pretoria geneem word.⁵⁶⁾

Die oorgawe was dus onvoorwaardelik. Cronje het sy taak volvoer, alles in die hande van Trichardt en Malan gelaat en na Krugersdorp vertrek, waarvandaan hy sy offisiële verslag aan die regering versend het. Dieselfde aand was die offisiere veilig in die Pretoriase gevangenis opgesluit.⁵⁷⁾

Telegrafies/...

55). Ra. 1056/96: Beëdigde verklarings. Ibid.

56). Ibid. P.A. Cronje op 7 Maart 1896.

57). Ibid.

58). K.G. 322 : Telegram Nr. 211 : Telegram van komdt. F.A. Cronje aan die Kommandant-genl., Krugersdorp, 2 Jan. 1896.

59). C.E. Villuamy: Outlanders, bls. 233.



Telegrafies deur die Kommandant-generaal ontbied, het Cronje op 4 Januarie 1896 na Pretoria vertrek. By sy aankoms in Pretoria is hy deur President Kruger gelukgewens.⁶⁰⁾ Hy het 'n groot diens aan sy land bewys en vir homself onsterflike roem as krygsman verwerf. Nie alleen in sy eie land nie, maar ook deur oorsese moondhede is sy dapperheid geroem. Uit Rusland het 70,000 Russe aan hom en sy burgers 'n Broederskapsbeker aangebied. Dit is van porfier, edel metale en edelgesteentes gemaak. Daar is driehonderd-ses-en-veertig handgetekende adresse met 70,000 naamtekeninge daarop saamgestuur.⁶¹⁾ Duitsland en Frankryk het hom ook hulde betoon.⁶²⁾

Op die aand van 9 Januarie het die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek lasbriewe vir die inhegtenisname van die leiers van die Hervormingsbeweging uitgereik. Hul-⁶³⁾le was gou agter slot en grendel.

Tussen/.....

- 60). Herinneringen, 15 Sept. 1913. Cronje deel mee dat hy by sy aankoms in Pretoria koel deur Joubert ontvang is. Nadat Cronje en sy offisiere hom gegroet het, het Joubert meegedeel dat hy nie vir hulle slaapplek het nie. Hulle moes maar in 'n hotel tuisgaan. Cronje het vererg geantwoord dat hy nie gekom het om huisvesting te kry nie. Wat hom baie ontevrede sou gestem het, is dat Joubert volgens Boeregewoonte nie eens na die toestand van sy gewonde seun verneem het nie. Hy het geweet dat Klaas in die geveg teen Jameson gewond is. Cronje en Joubert het nooit goed klaargekom nie. Hulle was naywerig op mekaar. Joubert was populêrder as Cronje en het in Cronje se weggestaan om Kommandant-generaal te word. Joubert weer het in Cronje 'n gevaarlike mededinger gesien. Na die roem van Doornkop is dit natuurlik dat Joubert jaloers gevoel het op Cronje se sukses.
- 61). Hierdie Broederskapsbeker is in die Voortrekkermuseum te Pretoria te besigtig.
- 62). Vgl. die beroemde Keiserstelegram, Vertoonkas, Staatsargief, Pretoria.
Frankryk het Cronje 'n swaard aangebied met 'n beeld van 'n Boer wat 'n tier met 'n Britse kroon op die hoof, vorwurg. (Dit word bewaar in die Voortrekkermuseum, Pretoria).
- 63). Staats-Prokureur: 2022/96 : Saak teen Lionel Phillips en 63 ander; C.E. Villuamy, bls. 263.

Tussen 5 Februarie en 24 April 1896 ⁶⁴⁾ is die saak teen Lionel Phillips, George Ferrar, Francis Rhodes, John Hays Hammond en 59 ander persone verhoor. Vier genoemde persone is weens hoogverraad deur regter Gregowroski tot die dood veroordeel, die ander persone is twee jaar gevangestraf en £2,000 boete opgelê. ⁶⁵⁾ Die volgende dag is die doodvonnis verander en elkeen van die vier moes £25,000 boete ⁶⁶⁾ betaal.

Die oorgawe van Jameson en sy invalsbende het in Londen 'n naklank gevind. Mnr. Hawksley, die prokureur van die Chartered Company wat Jameson verdedig het, het in Maart 1896 'n brief publiseer dat Jameson se oorgawe nie onvoorwaardelik geskied het nie, omdat Cronje beloof het dat indien hulle die wapens neerlê en beloof om die koste deur die inval veroorsaak, te dek, die lewens van almal gespaar sou word. Hierdie brief het groot opspraak en verontwaardiging onder die Engelse publiek in Londen verwek. Veral omdat Cronje, wat sedert die Potchefstroom-oorgawe baie berug onder die Engelse geword het, se naam met hierdie saak ⁶⁷⁾ geassosieer is, het dit groot opskudding veroorsaak.

Chamberlain was begerig om die saak aan die Britse ⁶⁸⁾ Laerhuis te verduidelik. Daarom het hy die Hoë Kommissaris opdrag/.....

64) . C.E. Villuamy, bls. 233. Hy gee die datum foutief.

65) . S.P.2022/96: Ibid.

66) . Ibid.; C.E.Villuamy, bls.233.

67) . R. 2349/96: F. Bourguenon aan die Staatssekretaris, Johannesburg, 3 Maart 1896; Dr.

P. Botha: Die Staatskundige Ontwikkeling..., bls.383.

68) . Sir Hercules Robinson.



opdrag gegee om die saak te laat ondersoek om die ware toedrag van sake bloot te lê. Op 4 Maart het die Britse Hoë Kommissaris aan die Britse Agent ⁶⁹⁾ te Pretoria geskryf om die president dadelik te spreek en te vra of die oorgawe ⁷⁰⁾ van Jameson onvoorwaardelik was.

Na aanleiding hiervan het die regering kommandante Cronje, Potgieter, Malan, veldkornet Maartens, assistent-veldkornet Van Vuuren en andere ontbied om beëdigde verklarings ⁷¹⁾ voor die Staatsekretaris, H.J.Coster, af te lê.

Hierdie verklarings het presies ooreengekom met die voorwaardes waaronder Jameson en sy troepe die wapens neergelê het. Die pogings van die Britse pers om die waarheid te verdraai en die oorgawe in 'n verkeerde lig te stel, is deur hierdie getuïenisse ^{vir} goed die kop ingeslaan. Cronje se optrêde is geregverdig en sy goeie naam ^{het} ongeskonde gebly.

69). H.Cloete, waarn. Britse Agent.

70). Ra.1056/96: Telegram van die Britse Hoë Kommissaris aan die Staatsekretaris en waarn. Britse Agent, Pretoria, 4 Maart 1896.

71). Ra. 1056/96: Beëdigde verklarings. Ibid.; Groenboek Nr. 1, 1896, blse.95 - 97; J.P.Fitzpatrick, blse.405 - 409.

